# DIE DRIE BOEKE VAN OPENBARING - Gedenkboek (4)
## 6de SEËL – Martelare voor die Troon

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

**NOTA: Hierdie lesing volg direk op die vorige lesing (Gedenkboek 3) – Oopmaak van die 6de Seël**

-o0o-

**OPENBARING 6:12 En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed;**

**Open 6:13 en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval;**

**Open 6:14 en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit;**

**Open 6:15 en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge,**

**Open 6:16 en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam;**

**Open 6:17 want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?**

**OPENBARING 7:1 En ná hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie.**

**Open 7:2 En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig**

**Open 7:3 en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie.**

**Open 7:4 En ek het die getal van die verseëldes gehoor: honderd vier en veertig duisend verseëldes uit al die stamme van die kinders van Israel**

**Open 7:5 uit die stam van Juda twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Ruben twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Gad twaalf duisend verseëldes;**

**Open 7:6 uit die stam van Aser twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Náftali twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Manasse twaalf duisend verseëldes;**

**Open 7:7 uit die stam van Símeon twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Levi twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Issaskar twaalf duisend verseëldes;**

**Open 7:8 uit die stam van Sébulon twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Josef twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Benjamin twaalf duisend verseëldes.**

### Gesig van die martelare in die heerlikheid.

**Openbaring 7:9 Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande;**

**Open 7:10 en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam!**

-o0o-

**Open 7:11 En al die engele het rondom die troon en die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan, en hulle het voor die troon op hulle aangesig neergeval en God aanbid en gesê:**

**Open 7:12 Amen! Die lof en die heerlikheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen.**

**Open 7:13 Toe het een van die ouderlinge gespreek en vir my gesê: Hulle wat bekleed is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom?**

**Open 7:14 En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.**

**Open 7:15 Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan.**

**Open 7:16 Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie;**

**Open 7:17 want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee.**

**Openbaring 20:12 En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.**

-o0o-

Ons gaan aan met die **sesde seël**. Dit is die verskriklike dag van die Here, waar Hy gesê het dat dit soos *'n groot aardbewing* sal wees. Die son sal swart word en die maan soos bloed.

## 1. GOD SE TOORN

**Openbaring 6:14 en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit;**

Dit moet verskriklik wees as die hele aarde geskud word deur die Almagtige God en Sy toorn, net oor wat die mensdom aan Sy kinders gedoen het.

- God se toorn het ontvlam teenoor die vermeteles, wat die goddeloosheid lief gehad het.
    - Hulle het gekies om Sy kinders, die wat die Here vrees, te na te kom.

**Open. 6:15 en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge,**

Niemand gaan beter wees as 'n ander nie. Niemand sal kan dink dat hy hiervan vry sal wees, net omdat hy, byvoorbeeld, 'n aardse koning is nie.

- Van die grootste tot die laagste, gaan hierdie oordele ontvang.

**Open. 6: 16 en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam;**
**Open. 6: 17 want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?**

Die dag wanneer hierdie dinge voltrek gaan word, is baie naby, mense.

- Ons is alreeds by die perde. (Lesing: Openbaring 6 – Oopmaak van die 6 seëls)
- Ons is alreeds by die seël waar die rooi perd hardloop.
- Ons is in die begin van die swart perd.

-o0o-

Ons kan amper al sê dat daar reeds hongersnood in die wêreld is en dat daar manipulasie oor kos is. Ons is alreeds aan die begin van die derde seël en ons besef dit nie aldag nie. Waar staan jou saak met God? Staan jy aan die kant van die, wat die Here vrees, of staan jy by die vermeteles, soos die Here sê, wat nog die goddeloosheid lief het?

- Onthou, daar is sekere dinge wat voor die verdrukking gebeur,
- ander wat in die verdrukking gebeur en
- ander wat na die verdrukking gebeur.

Hierdie sewe seëls wat oopgemaak word, word oor 'n tydperk oopgemaak. Soos julle sien is ons alreeds in hierdie tydperk.

## 1.1 Die Natuur word beïnvloed

### Hoofstuk 7 gaan ook oor die martelare en die heerlikheid van God op Israel. (7de Seël)

**Openbaring 7: 1 EN ná hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie.**

Hierdie *dinge* waarvan hy praat, is in die tyd wat die oordeel voltrek word wanneer die seëls gebreek word.

- Onthou ons het gesê dat die seëls daar is vir oordele wat op die mensdom gaan kom,
    - oor dit wat hulle aan die kind van God gedoen het.

    - *Met die oopmaak van hierdie laaste seël, sal die hele natuur bedryf tot stilstand kom. In hierdie oordeel tyd, sal die vloei van die natuur, reën, winde, afkoeling en alles wat daarmee gepaard gaan, tot stilstand kom.*

**Openbaring 7:2 En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig**
**Open. 7:3 en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie.**

## 1.2 Verseëldes

Hier sien ons dat hierdie oordeel nie mag kom voordat die *diensknegte van onse God* verseël is nie.

**Open. 7: 4 En ek het die getal van die verseëldes gehoor: honderd-vier-en-veertigduisend verseëldes uit al die stamme van die kinders van Israel —**
**Open. 7: 5 uit die stam van Juda twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Ruben twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Gad twaalfduisend verseëldes;**
**Open. 7: 6 uit die stam van Aser twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Náftali twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Manasse twaalfduisend verseëldes;**
**Open. 7: 7 uit die stam van Símeon twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Levi twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Íssaskar twaalfduisend verseëldes;**
**Open. 7: 8 uit die stam van Sébulon twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Josef twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Benjamin twaalfduisend verseëldes.**

Hier sê hy wie hierdie verseëldes is en waar hulle vandaan kom. Hierdie *honderd-vier-en-veertigduisend verseëldes* is die twaalf duisend uit elke stam van Israel.

- Dit is eersgeborenes wat hulleself nie besoedel het met vrouens nie.

-o0o-

- Daar is geen leuen in hulle monde gevind nie en geen bedrog is by hulle gevind nie.
- Dit is manne wat rein, skoon en heilig is. (Openbaring 14:1 tot 5)

Mense sê nou dat dit ongetroudes is, wat hulle nie besoedel het met vrouens nie,. Nee, in die huwelik besoedel jy jou nie met 'n vrou nie. Ons moet baie mooi gaan kyk. Hy praat spesifiek van hoerery en besoedeling met vrouens.

- Hy sê nie dat dit net ongetroudes is nie, so dit kan getroude mans ook wees.

## 1.3 Volke, Tale, Nasies

**Open. 7: 9 NÁ hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande;**

In hierdie hoofstuk kry ons twee groepe mense.

- Die een groep is die honderd vier en veertig duisend *verseëldes, uit al die stamme van die kinders van Israel.*
  - Hulle is almal Jode, wat die eersgeborenes is.
- Die ander groep is die martelare vir Christus, wat kom uit *alle nasies en stamme en volke en tale*.
  - Hulle is die nie-Jode (gentiles).

Onthou ons is nou in die tyd van Oordeel. Wat nou hier gaan gebeur, is aan die einde van daardie oordeel. Ons gaan sien wie is hulle wat uit *alle nasies en stamme en volke en tale* kom.

- Hulle staan nou voor die troon van die Lam, so dit is na die oordeel.
- Dit is wanneer Christus Jesus teruggekom het met Sy Bruid, soos beskryf in Openbaring 19.

Wat ook baie belangrik is en waarna ons ook moet oplet, is dat hierdie mense wat nou voor staan, *wit klere* aan het. Ons moet mooi op let na die besonderhede (detail) van hierdie hoofstuk.

**Open. 7: 10 en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam!**
**Open. 7: 11 En al die engele het rondom die troon en die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan, en hulle het voor die troon op hulle aangesig neergeval en God aanbid**
**Open. 7: 12 en gesê: Amen! Die lof en die heerlikheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen.**
**Open. 7: 13 Toe het een van die ouderlinge gespreek en vir my gesê: Hulle wat bekleed is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom?**

Onthou in **hoofstuk 6** het ons gesien dat die wat hulle lewe gegee het vir die Here, uitgeroep het na vergelding.

**Open. 6: 11 En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees.**

Hierdie mense vir wie *wit klere* gegee is, is voor die verdrukking doodgemaak ter wille van die evangelie. Hulle moes *nog 'n klein tydjie* wag vir *hulle medediensknegte* en hulle broeders wat *nog gedood* moet word.

Die mense wat *nog gedood* moes word, is deel van die volheid van die nie-Jode (gentiles), volgens Romeine 11 verse 25 en 26.

- Hulle word in die verdrukking deur die antichris dood gemaak.

-o0o-

  - Dit gebeur met die vervolging van die Jood, asook die kind van God, wat op daardie stadium nie Bruid is nie.
  - Hulle sal die Josefs (Gentiles – nie Jode) en die Benjamins (Jode) uitmaak en sal met die verdrukking in Egipte wees.

Hierdie martelare wat nog moes kom, wat *nog gedood* moes word volgens Openbaring 6, sien ons nou in die volgende vers.

**Open. 7: 14  En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.**

Hierdie mense het *hul klere wit gemaak* in die bloed van die Lam, en is die nie-Joodse (Gentile) nasies.

- Dit is die Josefs wat deur die verdrukking kom en tot bekering kom.
  - Dit is met die val van die hoer, die val van Babilon, soos ons in die vorige seël sien gebeur.

Hulle name is geskryf voor die grondlegging van die wêreld.  Hulle harte was opreg, maar hulle was vasgevang deur sisteme, natuurlike dinge en onkunde.  Hulle was nooit reg geleer nie.  Die Bybel sê vir ons dat God die leiers sal oordeel en nie die volk nie, omdat hulle die volk nie reg geleer het nie (Esegiël 34).  Die mense se harte was reg, maar ongelukkig is hulle nie Bruid nie.

## 1.4 Hemelse Kleed

Hierdie groep mense wat nou voor die troon staan se wit klere is nie rein fyn linne nie.  Die rein fyn linne behoort net aan die Bruid.  Hierdie mense wat hulle klere gewas het *in die bloed van die Lam,* moes in die verdrukking sterf.

- Hulle staan nou saam met diegene, wat voor die verdrukking moes sterf.

  - *Hierdie mense wat nou voor die troon staan, is almal martelare, wat hulle lewe moes gegee het ter wille van die evangelie.  Dit is hulle wat in die sesde seël beskryf word, wat voor die troon van die Lam staan.*

**Openbaring 7:15  Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan.**
**Open. 7:16  Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie;**
**Open. 7:17  want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee.**

Hierdie mense se wit klere is nie die Bruid nie.  Hulle is nie beklee met rein en fyn linne nie.

- Hulle is beklee met wit klere, want hulle is net gewas deur *die bloed van die Lam*.

Die Bruid is beklee met rein en fyn linne.  Die Bruid van Christus kom reeds saam met Hom (Openbaring 19).  Met die wegraping is die Bruid alreeds beklee met rein en fyn linne.

Vir die Bruid is so 'n bietjie meer gegee, want sy het haarself beklee met rein en fyn linne, wat die regverdige dade van die heiliges is.

- Sy het die beeld van Christus Jesus.
- Sy het die diens knegskap wat sy gaan uitleef verder vorentoe, soos die Bybel sê van Rut.
  - Sy is 'n deugsame vrou.
  - Sy het gewerk.
  - Sy het gearbei op die lande van Boas.
  - Sy het nie in die huis gesit nie.
  - Sy was aktief gewees.

-o0o-

- Sy het in die Koninkryk van haar Vader gewerk, daarom is sy Bruid.

Ons lees baie keer die Bybel verkeerd en verstaan nie wat ons lees nie en dan maak dit nie sin nie.

Wat ook baie interessant is, is dat die honderd vier-en-veertig duisend tot in alle ewigheid die Bruidegom en die Bruid sal volg. Julle kan so 'n bietjie self gaan Bybel studie doen daaroor. Ek glo dit is ook hulle wat die lied ken wat geen einde het nie. Hulle sal daardie lied vir die Lam sing tot in alle ewigheid.

Hierdie vrygekooptes wat geklee is met wit klere, sal net in die Millennium-tyd saam met die Lam as konings heers. Die Bruid sal saam met die Lam regeer tot in ewigheid. (Sien Lesing: 1000 jaar – Millennium) Die ewigheid lê in haar hande, so sy sal in alle ewigheid saam met die Lam regeer. Gaan doen self die naslaanwerk dan sal julle dit daar sien. Dit is baie interessant as 'n mens na hierdie dinge kyk en sien hoe alles inmekaar pas.

## 1.5 Vergelding

Vanaf hoofstuk **8** praat hy van die verskillende **basuine,** wat die **sewende seël** oopmaak. Gaan lees dit gerus self. Julle kan die verskriklike vergelding sien wat die Almagtige God op hierdie aarde gaan bring. Die vergelding is net as gevolg van die Gedenkboek wat hy geskryf het, waarvan in Maleagi 3 gepraat word. (Verwys Lesing: Gedenkboek – Vermeteles)

- Die Here het gehoor toe die heiliges, die wat die Here vrees, gepraat het.
- Hy het dit in 'n Gedenkboek opgeskryf.
- Hy het daardie boek verseël met sewe seëls.
- Daardie sewe seëls kan deur niks anders oopgemaak word as deur Oordeel nie.
- Die oordeel op die vermeteles, wat die Godsaligheid gebruik het tot hulle eie gewin, kan net gebring word deur die Lam van God, wat die volmaakte prys betaal het.

Gaan lees gerus en werk self deur die oordeel van die sewe engele met die sewe basuine. Dit is alles dinge wat nog gaan gebeur.

Ek glo ons staan nou in die tydperk waar dit tussen die tweede perd en die derde perd is.

- Ons sien hierdie goed nou op die aarde.
- Ek weet nie hoe lank hierdie dinge gaan duur nie en ek weet nie tot waar nie.
- Dit is 'n onseker tyd.

Net die Here kan vir ons daar help en net die Here kan ons lei. Dit is waarom 'n mens nou so seker moet maak dat jou saak met God reg is en dat jy aan die regte kant staan.

- Daar is net een groep mense wat deur dit sal gaan - hulle wat die Here vrees.

Dit dan wat betref die **eerste boek**, van die drie boeke van Openbaring.
Dit word oopgemaak vanaf Openbaring **5.**

><> * <><

Ons lees nou in **Openbaring 20** van nog boeke

**Openbaring 20:12 En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.**

Hier is twee groepe boeke.

- Die een groep word beskryf as ***die boeke.*** (Die 2de Boek – Outeur van jou lewe)
- Die ander groep word beskryf as ***die boek van die lewe***. (Die 3de Boek)

-o0o-

## 2. 2de BOEK - DIE BOEK OOR JOU LEWE

Ek gaan nou die eerste groep, genoem ***die boeke,*** met julle bespreek. Om te sien wat hierdie ***boeke*** is, lees ons Hebreërs 13, vers 20 en 21. Die Amplified Bybel sê dit baie mooi.

**Hebrews 13:20 Now may the God of peace** *[Who is the Author and the Giver of peace]*, **Who brought again from among the dead our Lord Jesus, that great Shepherd of the sheep, by the *blood*** *[that sealed, ratified]* **the everlasting agreement** *(covenant, testament)*, [Isa. 55:3; 63:11; Ezek. 37:26; Zech. 9:11.]
**Heb. 13:21 Strengthen** *(complete, perfect)* **and make you what you ought to be and equip you with everything good that you may carry out His will; [while He Himself] works in you and accomplishes that which is pleasing in His sight, through Jesus Christ** *(the Messiah);* **to Whom be the glory forever and ever** (to the ages of the ages). **Amen** (so be it). (AMPC bible.com)

Dit is 'n verbond wat God, ***Who is the Author and the Giver of peace,*** met elkeen gemaak het.

- Hy is die outeur van jou boek.
- Hy het 'n boek oor jou lewe geskrywe.

Hy het 'n sekere roeping en 'n sekere doel vir jou gehad op aarde. Hy het dit reeds in die ewigheid ingeskrywe. Hy het alles, soos tyd en plek, aan jou bepaal. Die Bybel sê dat Hy, die outeur, daardie verbond, daardie boek, verseël het met die bloed van die Lam.

### 2.1 God die Kunstenaar

Ons lees ook in Psalm 139, dat Dawid na homself kyk as 'n geskapene van God. Gaan lees gerus die hele psalm.

**PSALM 139: 15 My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde.**

- Hierdie *geheim* was voor enige iets bestaan het, lank voor die grondlegging van die wêreld.

Dawid sê dat God hom alreeds daar gevorm het en *kunstig geweef in die dieptes van die aarde*.

**PSALM 139: 16 U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie.**

Ons kry ook 'n rotsvaste getuienis hiervan, in Spreuke 8. Dit beskryf waar ons vandaan kom.

**Spreuke 8: 22 DIE Here het my berei as eersteling van sy weg, voor sy werke, van ouds af.**
**Spreuke 8: 23 Van ewigheid af is ek geformeer, van die begin af, van die voortyd van die aarde af.**
**Spreuke 8: 24 Toe daar nog geen wêreldvloede was nie, is ek gebore; toe fonteine, swaar van water, nog nie daar was nie;**
**Spreuke 8: 25 voordat die berge ingesink het, voor die heuwels is ek gebore;**
**Spreuke 8: 26 toe Hy die aarde en die velde en al die stoffies van die wêreld nog nie gemaak het nie.**

Ek en jy was reeds daar gewees, voordat enige iets bestaan het.

**Spreuke 8: 27 Toe Hy die hemele berei het, was ek daar; toe Hy 'n kring afgetrek het op die oppervlakte van die wêreldvloed;**

Ek en jy was daar, toe Hy die drie hemele geskape het. Wat vir my baie interessant is, is verse 30 en 31.

-o0o-

**Spreuke 8: 30  toe was ek 'n kunstenaar naas Hom, en ek was dag vir dag vol verlustiging en het gespeel voor sy aangesig altyd,**
**Spreuke 8: 31  en het gespeel op sy wêreldrond, en my verlustiginge was met die mensekinders.**

Hierdie goed is nou vir 'n mens so toegemaak, dat net die Heilige Gees dit kan openbaar.  'n Mens wonder wat regtig daar was, toe ons en die Godheid bestaan het.  Ons was natuurlik in 'n ander vorm, maar hy sê baie duidelik, dat ons van *ewigheid af* geformeer is *van die voortyd van die aarde af*.

Dit bevestig net weereens dit wat die Gees van God, met die Vrymakings kursus, vir ons geleer het oor die Skeppingsdoel.  In die kursusse bespreek ek breedvoerig (in detail) hierdie goed.  Dit is waarom mense die kursusse maar moet doen, sodat hulle kan verstaan wat aangaan en vir watter doel ons hier is.  Sonder daardie kennis wat in die kursusse gesit is, gaan jy maar baie sukkel om jou roeping op aarde uit te leef.  Ek weet waarvan ek praat.  Die mense wat hierdie kursusse doen se lewens verander radikaal.

## 2.2 Die Woord in ons midde

God het voor die grondlegging van die wêreld 'n bepaalde doel en 'n boek oor jou lewe geskryf, net soos wat hy oor Christus geskryf het.  Oor Christus het Hy in die Ou Testament, die wet en die profete geskryf.  Hy het Christus aarde toe gestuur en gesê dat Hy Sy eie boek moet gaan skryf.

- Christus het gekom en Hy het vir ons die Nuwe Testament geskryf.

Dit is waarom Christus vir hulle gesê het dat die woorde in hulle midde vervul is.  Hy het vir hulle gesê dat hulle nie die Vader en die Woord geken het nie, daarom het hulle Hom nie geken nie.  Hy het gesê dat hulle Hom nie geken het nie, omdat hulle nie die wet en profete geken het nie.  Hulle het gedink dat Hy 'n bedreiging was vir hulle.  Hy was eintlik die vervulling van die wet en die profete.

- Christus het hierdie wet en die profete tot vervulling gebring.
- Die twee boeke saam maak die Woord.
  - God se droom, beplanning vir Christus en
  - die vervulling van dit in Christus se lewe hier op aarde.
- Die twee vul dit saam aan en dit is een Boek

## 2.3 Hoe lyk jou boek?

Die Vader het ook 'n boek oor my en jou lewe geskryf.  Volgens Psalm 139 het Hy in die ewige verlede 'n boek geskryf.  Hy het hom 'n naam gegee.  Jou naam is die identiteit van daardie boek.  Hy het jou aarde toe gestuur en gesê dat jy jou eie boek moet gaan skryf.  Jy kan jou boek net onder die leiding van die Heilige Gees skryf, want jy self weet nie wat in daardie boek geskryf is nie.  Net die Heilige Gees weet.

-o0o-

Bykomende Skrif Verwysings:

**Openbaring 14:1** En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd vier en veertig duisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe.

Open 14:2 En ek het 'n geluid uit die hemel gehoor soos die geluid van baie waters en soos die geluid van 'n harde donderslag, en ek het die geluid gehoor van siterspelers wat speel op hulle siters.

Open 14:3 En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd vier en veertig duisend wat van die aarde vrygekoop is.

Open 14:4 Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein; dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge vir God en die Lam.

Open 14:5 En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek voor die troon van God.

-o0o-